

MARKOORSIG SAL JY JOU LAASTE SENTE IN DIE HUIDIGE MARKTOESTANDE VERWED?



As jy die beleggingsomgewing met dobbelary kan vergelyk, sal jy sien dat vertroue in die uiteindelijke uitkoms 'n groot rol in 'n speler se besluite speel. Wed jy op "rooi" of "swart" wanneer jy roulette speel met jou beleggings? Dit is interessant om te sien hoe spelers se vertroue kan verskil en hoe dit die grootte van hulle weddenskappe beïnvloed. Hoe meer vertroue 'n speler in 'n spesifieke uitkoms het, hoe groter is die weddenskappe wat hulle bereid is om te plaas. In die beleggingswêreld is dit dieselfde as 'n dobbelomgewing waarin jy so oortuig is dat die uitkomst positief sal wees, dat jy bereid is om 'n groot gedeelte van jou beleggings in 'n klein hoeveelheid aandele te belê.

As 'n speler egter minder vertroue het, plaas hulle hul weddenskappe op een van drie rye. In hierdie senario is die potensiële opbrengste gewoonlik baie laer. Dit is soortgelyk aan 'n beleggingsomgewing waarin jy redelik seker is dat aandele goed sal vaar, maar waar geen spesifieke aandeel bo 'n ander uitstaan nie. In so 'n omgewing sal jy nie noodwendig al jou geld net in aandele belê nie. Jy sal ook dié gedeelte wat jy in aandele belê, wil versprei tussen 'n verskeidenheid aandele.

Na 'n paar verliese kan 'n mens sien hoe 'n speler se vertroue in 'n spesifieke uitkoms baie laag daal en sal hy gevolglik sy weddenskappe tot slegs "rooi" of "swart" beperk. Dit is presies die tipe beleggingsomgewing waarin die wêreld hom tans bevind. Daar is soveel

onsekerheid oor die toekoms dat jy jou beleggingskeuses tot "rooi" of "swart" moet beperk.

Die onsekerheid in die tweede kwartaal is tot 'n punt gedryf deur een van twee moontlik scenario's wat kon ontvou het. Die eerste scenario (rooi) was die moontlikheid dat Griekeland van die Euro sal onttrek, wat moontlik 'n daling van 10% tot 15%, of meer in die korttermyn, in die wêreldaandelemarkte kon veroorsaak. Die tweede scenario (swart) was nog "kwantitatiewe verslapping" (quantitative easing) in Europa of die VSA, wat (soos wat in 2010 gebeur het) aandelemarkte baie positief kon beïnvloed en 'n styging van 10% tot 15% of meer tot gevolg kon hê.

Ons het dus twee scenario's met teenoorgestelde uitkomst in die gesig gestaar, en dit is die omgewing waarin beleggingsbesluite tans gemaak moet word. Die vooruitsigte vir groei in die VSA en China begin ook afneem. Internasionale politieke en ekonomiese burokrasie veroorsaak ook dat die plaaslike aandelemark die internasionale aandelemarkte blindelings volg. Plaaslike ekonomiese nuus het omtrent geen invloed meer oor hoe ons aandelemark gaan reageer nie. Dit is al vir die afgelope 18 maande die neiging en toestand sal slegs na 'normaal' terugkeer wanneer die wêreld na 'normaal' teruggekeer het - wat dit ook al mag beteken! Die tabel hieronder dui die onderskeie sektore se opbrengste die einde van die tweede kwartaal aan.

MARKOPBRENGSTE TOT 30 JUNIE 2012

Bateklas	Tweede kwartaal: 2012	12 Maande
SA Aandele	0.98%	9.24%
Hulpbronne	-3.56%	-9.94%
Finansieel	4.59%	24.14%
Industriële	2.60%	19.70%
SA Effekte	5.19%	14.61%
SA Eiendomme	10.31%	26.32%
SA Kontant	1.33%	5.49%
VPI	1.57%	5.70%
Internasionale Aandele VSA\$	-5.07%	-4.98%
Internasionale Effekte VSA\$	0.62%	2.73%
Internasionale Kontant VSA\$	0.02%	0.05%
Rand/Dollar	6.57%	20.71%

Besoek asb die Fonds se webblad by www.vurf.co.za vir die jongste beleggingsopbrengste.

LIEWE LID,

'n Artikel met die opskrif "Sinful waste as unclaimed pension benefits pile up" (Business Report: 14 Desember 2011) spreek 'n kwessie aan wat baie belangrik is vir die Raad van Trusteest. 'n Fonds bestaan primêr om vir sy lede of hulle begunstigdes voordele te bied - lede dra op 'n maandelikse basis tot hierdie voordele by. Dit gebeur egter dat 'n voordeel betaalbaar raak (met bedanking, afdanking, dood of aftrede) en die Fonds nie genoeg persoonlike inligting het om die lid op te spoor nie. Ons administrateur het egter die vermoë om lede se persoonlike inligting vas te lê en te stoor. Wanneer werkgewers en lede egter nie die inligting wat gevra word verskaf nie, is dit uiters moeilik (en partykeer onmoontlik) om lede wat die Fonds verlaat het, op te spoor. Die artikel hierbo noem ook dat dit gewoonlik die mense is wat die geld die nodigste het, wat ook die moeilikste is om op te spoor. Hulle is onbewus daarvan dat die geld hulle toekom, en dit is hoekom daar miljoene onopgeëiste rande in aftreefondse opgaar.

Die Pensioenfondswet definieer 'n onopgeëiste voordeel as enige voordeel wat nie deur 'n fonds aan 'n lid (ingesluit gewese lede of begunstigdes) uitbetaal is, binne 24 maande vanaf die datum waarop (volgens die Reëls van die Fonds) die voordeel betaalbaar geword het nie (insluitend voordele wat as pensioen of annuïteit betaalbaar is).

Die oplossing vir die probleem met onopgeëiste voordele is egter baie eenvoudig. Voorsien die Fonds van jou persoonlike besonderhede, soos jou volle naam, geboortedatum, kontaknummers en volledige posadres en dit sal verseker dat jou voordele nooit onopgeëis raak nie. As 'n lid kan jy toegang tot jou persoonlike fondsrekords verkry en dit op ons webblad www.vurf.co.za verander, of jy kan jou persoonlike besonderhede aan die Fonds epos of pos. Ons adres is: VURF, Posbus 4300, Tygervallei, 7536.

Die volgende inligting is noodsaaklik om voormalige lede/begunstigdes op te spoor: Identiteitsnommer, huisadres, huisnommer, selnommer en e-posadres. Sluit asseblief ook jou pensioennummer of die naam van jou werkgewer en jou personeelnummer in jou korrespondensie in.


My ampstermyn as Hoofbeampte het nou tot 'n einde gekom, maar ek sal steeds die Fonds as 'n Trustee dien. In ons volgende nuusbrieff sal ons jou aan ons nuwe Hoofbeampte, Me Brenda Krummeck, voorstel wat op 1 September 2012 die tuig oorgeneem het.

Groete,
Edward Thomson, Hoofbeampte



Het jy gewet?

Jou fondsvoordele word in die produkgidse uiteengesit en is op die Fonds se webtuiste onder "Product Guide" beskikbaar.



Jy kan nou
aanlyn registreer
vir sms en web
toegang!



ONTMOET JOU VOORSITTER

Me Wahida Parker is reeds vanaf 1 Maart 2008 die Voorsitter van die Raad van Trusteese van VURF. Ons het die geleentheid gehad om 'n onderhoud met

Me Parker te voer, en ons wil graag haar siening oor sake rakende die Fonds met jou deel.

Me Parker is baie ernstig oor haar verantwoordelikheid en rol as Voorsitter. Sy sê dat haar posisie vereis dat sy aanhoudend moet verseker dat daar 'n balans tussen bespreking en debatvoering gehandhaaf word. Sy moet seker maak dat die Trusteese nie in die operasionele aspekte van die Fonds vasgevang word nie. Volgens haar is die belangrikste vaardigheid wat nodig is vir die posisie, om te leer hoe om tyd effektief te bestuur, terwyl sy selfdertyd ook toepaslike vryheid van spraak moet toelaat.

Me Parker is die Algemene Bestuurder van 'n Sun International eenheid en beklee ook verskeie ander nie-uitvoerende raadposisies. Haar twee seuns is reeds volwasse, en sy kry sodoende die geleentheid om haar gunsteling stokperdjies, soos lees, kook en fliek te beoefen. Sy het Regte by UCT studeer en is 'n geakkrediteerde bemiddelaar wat geesdrifdig is oor filosofie. Daar is dus geen twyfel dat sy interessante gesprekke sal kan voer oor 'n wye reeks besprekingsonderwerpe.

Ons het haar gevra wat haar visie is vir die Fonds vir 2013: "Ons moet ons lede laat verstaan hoe belangrik dit is om vanaf 'n jong ouderdom te spaar. Die ander kritieke kwessie in die Fonds is die bewaring van voordele. Om dit reg te kry moet ons dus vertrou opbou en oop, deursigtige kommunikasie verseker!"

HOE HET JOU FONDS PRESTEER?

PORTEFEULJES	September 2012	3 maande	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Investment Solutions Performer	1.26%	6.76%	20.40%	15.34%	9.77%
Maatstaf	0.94%	5.97%	19.63%	14.51%	9.27%
Investment Solutions Spectrum	1.17%	6.42%	20.18%	14.46%	8.72%
Maatstaf	1.13%	6.22%	19.84%	14.62%	8.98%
Verso Multi-Bestuurder Gebalanseerde Groei	0.87%	4.38%	15.78%	11.96%	9.72%
Investment Solutions Stable Focus	0.83%	3.47%	10.98%	9.30%	10.14%
Maatstaf VPI + 4%	0.56%	1.77%	8.99%	8.61%	10.49%
Verso Multi-Bestuurder Beskermd Groei	0.61%	3.54%	13.62%	10.23%	9.87%
Maatstaf VPI + 3%	0.48%	1.54%	7.99%	7.61%	9.49%
Sanlam Maandelikse Bonus	0.79%	2.34%	9.07%	9.24%	8.43%
Verso MB Geldmark	0.46%	1.45%	5.94%	6.60%	n/a

1. Alle opbrengste is tydsgegeweeg en word bruto van beleggingsbestuursfoeie gekwoeter.
2. Die Sanlam Maandelikse Bonusfonds se bonusse is netto van waarborg en bruto van beleggingsbestuursfoeie.
3. Beleggingsopbrengste vir periodes langer as 12 maande word as 'n opbrengs per jaar aangedui.
4. Ons het sorg aan die dag gelê om te verseker dat die inligting in hierdie opsomming korrek is. Die opsomming is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie vir enige verlies of skade as gevolg van enige onakkuraathede aanspreeklik gehou word nie.
5. Verso Multi-bestuurder fondse word deur CISA gereguleer en dus moet alle opbrengste netto van foeie gepubliseer word. Die bruto opbrengste wat Verso Multi-bestuurder vir hierdie opsomming voorsien het, is 'n geskatte berekening en nie die werklike bruto opbrengste nie.

BELEGGINGSPORTEFEULJE-OPSIES – wat is vir jou beskikbaar?

Die Trusteese het 'n reeks risikoprofiel portefeuljes geformuleer, wat die beleggingsbehoefes van die gemiddelde werkgewer en fondslied behoort aan te spreek.

Wanneer bateklasse se opbrengste oor 'n tydperk van 40 jaar geëvalueer word, dui dit aan dat aandele die beste historiese opbrengste (nominale en reële opbrengste) gelewer het oor die langtermyn, maar ook teen 'n hoë vlak van volatiliteit. 'n Hoë blootstelling aan aandele oor 'n lang beleggingstydperk behoort dus die waarskynlikheid van bogemiddelde opbrengste te verhoog.

Die risikolak binne elke portefeulje is 'n weerspieëling van die hoeveelheid blootstelling aan aandele in die portefeulje. Die volgende tabel dui die verskillende risikoprofiel portefeuljes aan:

Risiko-profiel	Blootstelling aan aandele	Volatiliteit	Verwagte opbrengste
Aggressief	Hoog	Hoog	Hoog
Gematig/Aggressief	Gemiddeld tot hoog	Gemiddeld tot hoog	Gemiddeld tot hoog
Gematig	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld
Gematig/Konserwatief	Laag tot gemiddeld	Laag tot gemiddeld	Laag tot gemiddeld
Konserwatief	Laag	Laag	Laag

Die volgende beleggingsportefeuljes is tans vir deelnemende werkgewers en hulle lede beskikbaar:

Risiko-profiel	Bate-bestuurder	Portefeulje	Beleggings-doelwit
Aggressief	Investment Solutions	Performer	AF LMW (VPI + 6%)
Aggressief	Investment Solutions	Spectrum	AF LMW (VPI + 6%)
Gematig/Aggressief	Verso Multi Bestuurder	Gebalanseerde groei	VPI + 4%
Gematig	Investment Solutions	Stable Focus	VPI + 4%
Gematig	Verso Multi Bestuurder	Beskermd Groei	VPI + 3%
Konserwatief	Sanlam	Maandelikse Bonusfonds	VPI + 3% plus kapitaalwaarborg
Konserwatief	Verso Multi Bestuurder	Geldmark	Cash + 1%

Deelnemende werkgewers en lede kan vanuit die portefeuljes hierbo kies, afhangende van die benadering wat die werkgewer gekies het toe hul by VURF aangesluit het.

SOVEEL KEUSES!

Nog 'n beleggingsopsie wat vir deelnemende werkgewers en lede beskikbaar is, is die Lewensfase-opsie. Hierdie opsie kan as 'n Trusteekeuse-opsie op sy eie geïmplementeer word, of as deel van 'n Lid-beleggingskeuse (LBK) benadering.

Die doelwitte van die Lewensfase-model

Die belangrikste rede vir die lewensfase-benadering is om genoegsame pensioenvoordele vir lede naby aan aftrede te probeer verseker, deur markspekulasie te verminder met 'n weldeurdenkte, langtermyn beleggingstrategie, asook 'n outomatiese vermindering van beleggings in volatiele bateklasse, soos aandele. Tweedens word die outomatiese beweging van lede naby aan aftrede na minder volatiele beleggings, vereenselwig met die historiese benadering om 'n kontantbeskermingsopsie (KBO) vir lede naby aan aftrede te bied. Die lewensfase-benadering skakel menslike foute uit en vermy die moontlikheid dat 'n lid sal "vergeet" om die keuse uit te oefen om na 'n KBO-portefeulje te skuif wanneer hy/sy aftree-ouderdom nader.

Die Trusteese erken dat 'n lid die beleggingsrisiko in 'n vastebydrae-fonds dra. Lede word aan beide positiewe en negatiewe opbrengste blootgestel, afhangende van die beweging in die finansiële markte. 'n Wesenlike daling in die beleggingsmarkte wanneer 'n lid naby aan aftrede is, sal hulle spaargeld vir aftrede negatief beïnvloed. Sonder Lidbeleggingskeuse (LBK) is dit vir lede moeilik om die beleggingsrisiko naby aan aftrede self te bestuur. Indien lede naby aan aftrede LBK of 'n beperkte keuse gebied word, is dit ook 'n uitdaging vir 'n lid om die regte opsie te kies, asook die tydsberekening daarvan, sodat die risiko vir die verlies aan kapitaal minimaal is.

Die lewensfase-benadering

'n Oplossing vir die bogenoemde uitdaging om die korrekte portefeulje te kies, is die lewensfase-benadering. Die grootste risiko met beleggings is die moontlikheid van kapitaalverlies of negatiewe opbrengste oor die korttermyn. Hoe langer die spaartydperk tot aftrede, hoe kleiner is die invloed van negatiewe opbrengste oor die korttermyn op die lid se voordele. Die rede daarvoor is dat daar genoeg tyd sal wees om van enige korttermyn-kapitaalverlies te herstel. Die teenoorgestelde is egter ook waar, met ander woorde hoe nader 'n lid aan aftrede is, hoe groter is die risiko en invloed van enige kapitaalverlies.

Volgens die model belê jonger lede in meer aggressiewe portefeuljes met 'n groter blootstelling aan aandele, om die hoogste moontlike opbrengste oor die langtermyn na te streef. Namate lede aftrede nader, is daar 'n gelydelike, outomatiese skuif na minder aggressiewe portefeuljes met minder blootstelling aan aandele, om die invloed van negatiewe opbrengste of kapitaalverlies te probeer verminder.

Wanneer daar in 'n lewensfase-benadering belê word, is dit belangrik vir die Trusteese om te glo dat:

- lede met 'n langer beleggingstermyn negatiewe opbrengste in die korttermyn kan hanteer, en
- die voordele van 'n langtermyn beleggingstrategie aan lede verduidelik kan word.

'n Lewensfase-benadering mag dus nie die ideale oplossing vir alle deelnemende werkgewers of lede se beleggingsbehoefes wees nie (soos geen verdraagsaamheid vir kapitaalverliese), en moet dus slegs oorweeg word waar hulle doelwitte dieselfde as die Fonds se beleggings- en opbrengsdoelwitte is.

Die Trusteese versoek lede om finansiële advies in te win voordat hulle enige belangrike beleggingsbesluite neem.

KONTAK BESONDERHEDE: Belmont Office Park, Twiststraat, Bellville, 7530 • Posbus 4300, Tygervallei, 7536
Telefoon: 021 943 5300 • Faks: 021 917 4600 • E-pos: info@vurf.co.za • webwerf: www.vurfco.za

RAAD VAN TRUSTEES soos op 1 Oktober: Me W Parker (Onafhanklike Trustee en Voorsitter), Mnr S Kennard (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Rossouw (Onafhanklike Trustee), Mnr R Wentworth (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Breytenbach (Verso-aangestelde Trustee), Mnr E Thomson (Verso-aangestelde Trustee), Me Brenda Krummeck (Hoofbeampte)

VRYWARING: Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate berigting gely word nie.